

Kan Satan en Demone “gebind” word? – Nick Maartens

Inleiding

Die siening dat Satan en sy demone gebind kan word, word gebaseer op wat Jesus in **Matt.12:24-29** sê:

“Of hoe kan iemand in die huis van ’n sterk man ingaan en sy goed beroof, as hy nie eers die sterk man geboei het nie?”

Die konteks wys dat Jesus deur hierdie gelykenis aan die Fariseërs wil verduidelik dat Hy sterker is as die duiwel en dat Hy daarom sy huis kan ingaan en sy besittings kan beroof deur demone uit besetenes te dryf. Die hoof boodskap in die gelykenis van die sterk man wat gebind word, is dat Jesus sterker is as die duiwel. **Matt.12:24-29** bevat geen voorskrifte oor hoe gelowiges die duiwel of demone moet bind nie. Paulus en die ander skrywers van die Nuwe Testament maak ook nêrens in hulle geskifte melding van hoe die duiwel gebind kan word nie.

Agtergrond verduideliking

As Jesus die duiwel in **Matt.12:24-29** gebind het, hoe het hy losgekam dat Jesus hom weer moes wegjaag toe hy Petrus later probeer versoek het (**Matt.16:23**). Hy, Satan, was ook los genoeg om in Judas Iskariot in te vaar om Jesus te verrai (**Luk.22:3**). Ook, as die duiwel gebind kan word, waarom vind Petrus en Jakobus dit nodig om gelowiges te waarsku om hom te weerstaan? Hoekom leer hulle Christene nie net om hom te bind nie? (**1 Pet.5:8-9, Jak.4:7**). En hoekom het Jesus die duiwel nie gebind tydens sy versoekinge in die woestyn nie? (**Matt.4**). Die antwoord lê in wat in **Open.20:2** geskrywe staan; God het dit so bepaal dat Satan los sal wees om mense te versoek totdat hy in die eindtyd finaal deur God self gebind gaan word.

Ons lees in die Nuwe Testament dat in plaas daarvan dat Jesus demone bind, Hy hulle elke keer uit besetenes uitdryf (**Matt.9:34, 12:24, Mark.3:15-22, 5:12, 16:9, Luk.4:4.....**). Nog iets wat ernstig oorweeg moet word is die feit dat Jesus gewaarsku het dat as sekere voorwaardes nie nagekom word nie, demone weer, met erger resultate, kan terugkeer na dieselfde persoon waaruit hulle verdryf is (**Luk.11:24-26**).

Gelowiges kan deur demone beïnvloed word

Gelowiges kan deur hul eie onkunde, of deur blatante sonde of deur hul betrokkenheid by okkultistiese dinge, duiwels die kans gee om hul bese besetenes te word. Elke gelowige het die verantwoordelikheid om self, sy lewe onder die vergrootglas van God en Sy Woord te ondersoek. Waar Christene in onkunde in onBybelse dinge betrokke is, moet dit bely en afgelê word.

Die antwoord op demoniese beïnvloeding

*“Onderwerp julle aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug”
(Jak.4:7).*

*“Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ’n
brullende leeu en soek wie hy kan verslind. **Hom moet julle teëstaan...**” (1 Pet.5:8,
My beklemtoning).*

*“Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste
van die duiwel” (Ef.6:11).*
(Let wel, nêrens word daar iets gesê oor die bind van die duiwel of demone nie).

Hoe onderwerp jy jou aan God en hoe weerstaan jy die duiwel?

Onderwerping aan God en weerstand teen die duiwel is nie iets wat jy net teoreties doen nie; dit is baie meer prakties. Jou onderwerping aan God word gedemonstreer deur die manier wat jy die beginsels van Sy Woord in jou lewe toepas. In baie gevalle kon die onaangename situasies waarin gelowiges hulle tans bevind, voorkom gewees het as die beginsels van die Woord in die eerste plek uitgeleef is. So byvoorbeeld bevind baie Christene hulleself in finansiële nood omdat hulle onverantwoordelike skuld aangegaan het omdat hulle gou ryk wou word. Dit kon verhoed gewees het as dié vleeslike gesindheid teëgewerk is deur die waarskuwing in **1 Tim.6:9**:

*“Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike
begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang.”*

So glo ek kan die invloedseer van die duiwel in enige situasie in jou lewe geneutraliseer word deur sondebelydenis en jou aan God te onderwerp en die beginsels van Sy Woord uit te leef.

Wat van Matt.18:18?

*“Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde
wees...” (Ou vertaling).*

Die meer korrekte vertaling van die Amplified Bible is selfverduidelikend:

*“Truly I tell you, whatever you forbid and declare to be improper and unlawful on
earth must be what is already forbidden in heaven...”*

Die konteks van hierdie woorde wys dat dit van toepassing is op 'n situasie wanneer uitspraak gelewer moet word om geskille tussen broeders in die gemeente op te los; dit het niks te doen met die bind van demone nie.

Slotsom

As dit waar was dat Satan en demone gebind kan word moet daar mos baie meer sigbare resultate in situasies wees waar dit gedoen word. Ons land sou byvoorbeeld al 'n hemel op aarde gewees het as daar krag was in al die gebindery van die demone van moord, misdaad en korrupsie wat deur die jare al gedoen is. Baie mense se probleme sou al lankal opgelos gewees het as dit so eenvoudig was as om net die duiwel te bind. Ons kan in die Naam van Jesus Christus demone beveel word om uit besetenes uit te gaan. Ons kan ook deur gebed God vra om ons van die bese te beskerm (**Matt.6:13**). Ons moet egter onthou: werke van die vlees ("*...owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge...*" **Gal.5:19-21**), kan nie uitgedryf word nie; dit moet as sonde bely en van weggedraai word. Demone kan uitgedryf word, maar die vlees moet gekruisig word.

Nick Maartens

Jeffreysbaai

Sel: 0827826074

E-pos: nickmaartens@hotmail.com

Web: www.nickmaartens.co.za